
NWKV kantoor
Victoria Straat, Carnarvon
Posbus 54, Carnarvon, 8925
Tel: 053 382 3020


# ***WITKRUISAREND***

Die Witkruisarend word baie keer verkeerdelik beskuldig aan die doodmaak van lammers. Die arend is baie voordelig vir meeste boere omdat sy hoofbron van voeding uit dassies bestaan. ‘n Broeipaar arende met hul kuikens vreet ongeveer 350 dassies per jaar, wat help om die getalle te beheer. Die hoeveelheid dassies vreet nagenoeg dieselfde hoeveelheid veld as wat 22 gesonde skape sou eet in ‘n jaar. Meeste arende is opportunistiese voeders en sal by tye groot hoeveelhede kleiner gediertes wat in groot volumes voorkom vreet, soos termiete, knaagdiere en sprinkane. Dus bied die roofvoël vir jou gratis plaagbeheer aan. Witkruisarende beskik nie oor die fisieke krag om ‘n skaap of boklammetjie van ouer as 3 weke te kan vang nie. Indien daar genoegsame kleiner wild soos dassies op die plaas is as bron van voedsel sal hulle nie sommer ‘n lammertjie vang nie. Hulle aas soms op die lammetjies wat dood gebore is of wat deur ander predatore reeds dood gemaak is.

Tekens dat ‘n arend ‘n lam gevreet het, maar nie noodwendig dood gemaak het:

1. Uitpluk van groot bondels pels of wol.
2. Vleis tussen beentjies sal uitgepik wees, dus sal karkas skoon gevreet is. Slegs punte van ribbes word soms afgebreek.
3. Lam sal klou merke teen kop het of in meer gevalle die nek of bo-rug bene sal vergruis wees a.g.v. druk van sy kloue.
4. Onreëlmatige gespasieerde gaatjie in die vel en moontlik op kopbeen.
5. Onder die vel rondom hierdie gaatjies sal daar geweldige kneusing en bloeding wees wat deur die kragtige greep veroorsaak is.
6. Lang senings sal nog aan die bene wees.





- Die lam se kopbeen met wonde (pyltjies) wat deur die arend se kloue gemaak is (Rowley, I. 1970)

- Tekening van 'n jong reebok se vel met arend kloumerke. Afmetings in mm. Neus-tot-stertlengte 500 mm. (Ratcliffe, P R & Rowe, J J. 1979)







Hoe om te identifiseer of 'n lam dood is voor of na geboorte.

1. As die hoewe nog membraandoppies op het, het die dier nie geloop of gespartel nie en is dus dood gebore.
2. Indien die dier nog nooit asemgehaal het nie sal die longe 'n dieprooi kleur wees.
3. Die lewer sal 'n harde gevoel hê en sal nie pienk en sponserig wees nie.
4. Die afwesigheid van bloedklonte aan die einde van 'n naelstring.
5. Lam wat swaargekry het tydens geboorte is goudgeel gevlek met mekonium en heel moontlik dood tydens geboorte of kort na die geboorte proses.
6. 'n Siek of verhongerde lam se vet is rooibruin en jellierig.
7. Afwesigheid van melk of kos in melkpensie.

Dit is uiters belangrik om die regte roofdier te identifiseer vir die dood van lammers. 'n Verkeerde identifisering kan lei tot verdere en groter skade omdat die regte predasiebeheermetodes nie toegepas word nie om die eintlike sondebok te vang nie.

Alle diere speel 'n belangrike rol in die ekologie en moet die voor- en nadele opgeweeg word en ook gekyk word na die omgewing en hoe die ekologie dalk versteur is wat dalk gelei het tot 'n afname in kleinwild, wat die primêre bron van voedsel vir meeste roofdiere is.

Indien daar enige twyfel bestaan, is u welkom om met PMF Noordkaap te skakel by (053) 382 3020 om u in verbinding met 'n predasiebestuurspesialis te plaas wat u kan adviseer.